# GEBEDS-JOERNAAL 2026

April - Junie Uitgawe





Jongmense in Bulgarye

**Beste Gebedsvennoot**

Soos ons April binnegaan, sien ons uit na die Paasfees-tyd, 'n diepgaande herinnering aan God se verlossing en getrouheid. Vir ons as gelowiges wys dit heen na die offer van Jesus Christus, die Lam van God, wat vir ons gegee is. Soos geskrywe staan in 1 Petrus 2:24: "wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe;" Wat 'n genadige en liefdevolle God dien ons.
Hierdie heilige tyd nooi ons nie net om met dankbaarheid te besin nie, maar ook om te dink aan dié wat nog nie hierdie hoop ervaar het nie. Baie leef steeds in wanhoop, sonder die kennis van Christus se reddende genade.

By Mission Without Borders dien ons beide ons broers en susters in Christus, asook dié wat nog nie die Goeie Nuus gehoor het nie. Ons vra dat jy saam met ons in gebed sal staan, dat elke persoon wat ons dien Hom persoonlik sal leer ken. Mag Johannes 17:3 'n werklikheid in hulle lewens word: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

Mark
**MWB SA Direkteur**

**KOM ONS BEGIN BID >>>**




# APRIL

## BULGARYE

**01-02**

Bid vir al die Paasfeesgeleenthede – Christelike byeenkomste, kinderaktiwiteite en gesinsbediening. Mag die Heilige Gees harte voorberei en wysheid en krag gee aan almal wat dien.

**03-04**

Ons loof God vir die lewe van Nihat wat onlangs ná 'n lang siekte oorlede is. Ons is diep hartseer oor sy heengaan, maar ons vertrou dat hy nou by God is. Bid asseblief vir vertroosting vir sy familie en vriende.

**05-06**

Die Aleksov-Karagyiziva-gesin se seun het maande lank geweier om skool toe te gaan weens vrees. Ons loof die Here vir Boyan, 'n nuwe opvoedkundige bemiddelaar, wat 'n deurbraak gemaak het – nou gaan die seun gewillig en sonder vrees skool toe.

## APRIL

## BULGARYE

**07-08**

Prys God vir Sy genade in N. se lewe, 'n vrou van 'n Moslem-agtergrond, wat in 'n mediese noodgeval uitroep na God en genees is. N. gaan nou kerk toe en het haarself aan gebed gewy. Bid dat haar geloof sal groei en vrugte dra.

**09-10**

Bid asb vir Ventsislav Bozhikov, ons koördineerder, wat ernstige bloeddrukprobleme ervaar en al baie hospitaalbesoeke gehad het. Bid vir genesing en krag gedurende hierdie uitdagende tyd.

**11-12**

Die plaaslike owerhede wil onwettige huise in een van die gemeenskappe waar ons werk afbreek. Baie gesinne kan dalk haweloos word. Bid asseblief dat God vir hulle voorsien en ingryp in hierdie situasie.

**13-14**

Bid asb vir die gesinne wat die borgskapprogram voltooi. Bid vir stabiliteit en vertroue in God soos hulle hierdie nuwe seisoen begin. Bid vir vrede en eenheid binne hul gesinne, vertroue vir die toekoms, en 'n volgehoue afhanklikheid van God.

**15**

Ons dank God vir Sy werk in ons bejaardeklubs en Bybelstudies. Bid asb vir die gesondheid van die deelnemers. Baie van hulle ly aan chroniese toestande. Bid dat God die harte sal oopmaak van die wat nog nie Christus as Verlosser aangeneem het nie.


Oekraïne

# APRIL

## OEKRAÏNE

### 16-17

Bid asseblief vir die beskerming van ons span se gesinslede en van ons begunstigdes wat aan die voorste linies van die weermag diens doen –vir veiligheid, gesondheid en dat hulle aan die Here sal vashou.

### 18-19

Ons energiestelsel word voortdurend aangeval deur Russiese missiele en drones. Bid asseblief vir die beskerming van ons stede en energie-infrastruktuur teen aanvalle en vernietiging.

### 20-21

Bid asseblief vir die leierskap van Oekraïne op alle vlakke – vir wysheid, beskerming en veerkragtigheid. Mag God hulle lei en beskerm, en mag goddelike besluite op alle vlakke geneem word.

### 22-23

Bid asseblief vir 'n gesin van Sarny wie se baba Pavlo blind gebore is – bid asseblief vir 'n wonderwerk vir hul seuntjie en vir krag vir die gesin.

# APRIL

## OEKRAÏNE

**“Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker...”**

HEBREËRS 6:19

### 24-25

Bid asb vir 'n nuut ingeskrewe gesin wie se seuntjie, Vladyslav, onlangs met leukemie gediagnoseer is. Bid dat die behandeling effektief sal wees en dat sy liggaam goed sal reageer.

### 28-29

Bid asseblief vir die voorbereiding van die somerkampe – dat hulle kan voortgaan en dat God veilige kampplekke en beskikbare vrywilligers voorsien.

### 26-27

Bid asb vir familie S. en hul vader, Mykhaylo, wie se gesondheid skerp agteruitgegaan het. Dokters het steeds nie die oorsaak vasgestel nie. Bid vir duidelikheid en genesing vir Mykhaylo.

### 30

Bid asb vir die gesinne wat ons ondersteun. Bid vir ’n ryk oes, aangesien baie op landbou vir hulle bestaan staatmaak. Bid dat ons saai-veldtog regoor Oekraïne vrugbaar sal wees en hoop en voorsiening sal bring aan almal wat dit nodig het.

# MEI

## BOSNIË EN HERZEGOWINA



Saad van Hoop,
Bosnië en Herzegowina

**03-04**

Bid asseblief vir ons Suid-Afrika kantoor, dat ons wysheid sal hê om beide ons donateurs en spanlede in Oos-Europa te ondersteun.

**01-02**

Ons bid dat al die geleenthede en aktiwiteite oor die Paasvakansie in April goeie vrugte sal voortbring. Dankie Here vir die vrywilligers en almal wat dit bygewoon het. Mag U steeds in hulle harte werk.

**05-06**

Bid asseblief vir die gesondheid van ons gesinne. Baie van hulle staar ernstige gesondheidsuitdagings in die gesig en sukkel om medikasie sowel as basiese lewenskoste te bekostig.

## MEI

# BOSNIË EN HERZEGOWINA

**07-08**

Terwyl ons die laaste weke van die skooljaar nader, bid vir diegene wat 'n hoërskool of universiteit moet kies. Mag die Here hulle wysheid en vrede gee, en hulle in hul besluite lei.

**09-10**

Bid asseblief vir die gesinne wat Selfonderhoudsprojekte ontvang. Mag die projekte hulle help uit die armoede te kom en nuwe of beter maniere skep om inkomste te verdien.

**11-12**

Bid asb vir die voorbereiding van die somerkampe in Junie – vir die tema, die speletjies, die vrywilligers en almal wat gaan dien. Mag die Here verheerlik word in alles wat by hierdie jaar se somerkampe gedoen word.

**13-14**

Bid asb vir elke kind wat na 'n somerkamp gaan. Bid dat die Here in elke hart sal werk en dat elke kind veilig, gesien, geliefd en gewaardeerd voel. Mag daar 'n saatjie geplant word in elke kind se hart sodat hulle tot bekeering kan kom.

**15-16**

Ons dank God vir almal wat die werk van Sending Sonder Grense ondersteun deur gebed, vrywilligerswerk en materiële bydraes. Sonder julle ondersteuning sou ons werk met mense in nood in Oos-Europa nie moontlik wees nie.

# “MY GENADE IS VIR JOU GENOEG. MY KRAG KOM JUIS TOT VOLLE WERKING WANNEER JY SWAK IS.”

2 KORINTIËRS 12:9



BOSNIË EN HERZEGOWINA

# MEI

# MOLDAWIË


Sommerkamp, Moldawië

**17-18**

Kom ons bid saam vir die harte van die mense waarmee ons werk. Mag die Here ons gebruik om 'n lig te wees in die donker, sodat die mense die goeie nuus van die evangelie mag hoor en aanvaar.

**19-20**

Ons dank God vir die nuwe gemeenskappe in die distrikte Comrat en Cahul, waar ons die Here se werk in die lewens van families en kinders kan sien. Ons is ook dankbaar vir diegene wat by die kerk aansluit – bid asb vir hulle.

**21-22**

Bid vir die studente wat Sending-beurse ontvang het en nou hul eksamens skryf. Bid vir fokus, vrede en sukses, veral vir dié wat hul studies nou voltooi. Bid dat God hulle stappe sal lei en hulle sal seën met 'n blink en hoopvolle toekoms.

# MEI

# MOLDAWIË

## 23-24

Bid asseblief vir ons Suid-Afrikaanse kantoor vir wysheid en volharding om die werk van die Here na die beste van ons vermoë te doen.

## 25-26

Bid asseblief vir die opleidingsessies vir dié wat by die somerkampe gaan dien. Bid vir eenheid, wysheid, geduld, deernis en toewyding, sodat hulle goeie rolmodelle en liefdevolle gidse vir die kinders kan wees.

## 27-28

Bid vir ons koördineerders wat dag na dag met die mense werk en soms selfs in hul gemeenskappe bly - dat die Here hulle krag & wysheid sal gee sodat hulle só kan lewe dat mense die Here deur hulle kan sien en ervaar.

## 29-30

Die Sending beplan om 'n Landbouseminaar te reël waar gesinne pakkies met sade (Seeds of Hope-projek) sal ontvang, nuwe kennis en vaardighede kan aanleer, en hul ervarings met ander gesinne kan deel.

## 31

Kom ons vra saam vir die Here om jong mans op te rig wat Hom liefhet en 'n hart vir die evangelie het, sodat hulle leiers van kerke kan word en die nuwe generasie nader aan die Here kan lei.



# JUNIE

## ROEMENIË

Somerkamp, Roemenië

**01-02**

Bid asb vir Roemenië. Bid vir leiers met integriteit wat opreg omgee vir die uitdagings van gewone burgers. Ons vra dat God wysheid sal gee aan diegene in gesag en hoop sal bring waar dit begin vervaag het.

**03-04**

Vra dat God ons sal lei om die regte kinders na die somerkamp te stuur en dat Hy die benodigdhede voorsien wat ons nodig het om dit moontlik te maak.

**05-06**

Bid vir ons Christelike uitreikkoördineerder terwyl sy die somerkampkurrikulum skryf en beplan.

**07-08**

Bid asseblief vir die Pa's in ons programme wat voortdurend op soek is na stabiele werk sodat hulle 'n gereelde inkomste vir hul gesinne kan verseker.

## JUNIE

## ROEMENIË

**“Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.”**

HEBREËRS 10:23

**09-10**

Bid saam met ons vir ons kantoor in Suid-Afrika, dat ons die regte geleenthede sal ontvang om ons werk uit te brei sodat ons selfs meer mense vir Christus kan bereik.

**13-14**

Bid vir die beskerming van ons personeel en vrywilligers wat lang afstande aflê om mense te dien en te bereik. Bid dat die Here hulle sal toerus met krag, wysheid en deernis, sodat hulle ander met liefde kan dien en die evangelie kan deel.

**11-12**

Bid asb vir die ouer mense in ons program. Mag hulle die Here se liefde ervaar en besef dat God omgee en elkeen van hulle liefhet. Mag ons die boodskap aan hulle oordra tot die eer van die Here.

**15**

Bid asseblief vir die oumas, oupas, tannies en ander familielede wat na die kinders omsien wanneer ouers lank weg is. Baie kinders sê hoe baie hulle hul ouers mis.

# JUNIE

# ALBANIË



Pret by somerkamp, Albanië

## 16-17

Bid asseblief vir Albanië se regering. Vra God om leiers wysheid, integriteit en deernis te gee, en om vrede, stabiliteit en geregtigheid na die nasie te bring.

## 18-19

Bid asseblief dat God elke stadium van voorbereiding vir die somerkampe sal lei en wysheid aan die leiers sal gee terwyl hulle help om die kinders nader aan Hom te bring. Bid asseblief vir al die kinders wat die somerkampe gaan bywoon.

## 20-21

Bid dat God elkeen van die MWB-personeel en vrywilligers sal versterk. Mag die Here hulle wysheid en eenheid gee, en hulle diens seën terwyl hulle getrou werk om ander te dien.

# JUNIE

## ALBANIË

**22-23**

Bid asseblief vir al die enkelouers wat ons ondersteun. Bid dat God hulle sal onderhou, aan hul behoeftes sal voorsien en hulle bemoedig, krag en vertroosting sal gee.

**24-25**

Bid asseblief vir al ons gesinne wat vir kinders met gestremdhede en outisme sorg, vra God om hulle te seën met geduld, wysheid, uithouvermoë en vrede terwyl hulle deur die eise van daaglikse sorg gaan.

**26-27**

Dra asseblief ons families op wat in hierdie tydperk van die jaar selfonderhoudsprojekte gaan implementeer. Bid dat God hulle sal onderhou en hul pogings sal seën.

**28-29**

Bid dat die kantoor hier in Suid-Afrika getroue rentmeesters sal wees van alles wat die Here so genadiglik gegee het, en dat ons ons talente en hulpbronne tot hul volle potensiaal sal gebruik.

**30**

Bid asb vir die gesinne wat in 2026 by die gesinsprogram aansluit. Vra dat God elke stap van hul reis sal lei en seën, wysheid en deernis sal gee aan die wat hulle ondersteun, en hul harte sal oopmaak om die Goeie Nuus van Jesus te ontvang.



Somerkamp in Albanië

# BLY IN KONTAK

## ONS VISIE

Lewens wat oor generasies heen verander word, met hoop vir die toekoms.

WWW.MWB-SA.ORG

## KONTAK ONS

T: +27 79 826 3630

A: Southdowns Ridge Office Park, John Vorsterrylaan, Centurion, Pretoria, 0062

E: mwbsa@mwbi.org